



NUUSBRIEF

Geagte Ouers

PERSONEEL VERJAARSDAE

10 Februarie – Marzaan Herzog Graad 3

Gedagte vir die week

Mens kan altyd agterkom wanneer jy op die pad na sukses is, dit is al die pad opdraande. Wees dus geduldig, dit sal tyd neem om daar te kom. Enige iets waardevol is egter die moeite werd om voor te wag.

KLEURE – ATLETIEKBYEENKOMS

Baie geluk aan Marlin Pretorius, die Victor en Cilene Syster die Victrix van die Hoërskool, asook Archihano Noble, die Victor en Anzél Jordaan, die Victrix van die Laerskool.

Hiermee ons opregte dank en waardering aan die volgende persone wat gehelp het om die dag 'n groot sukses te maak;



- Mnr Lotz, vir die velde en maak van die podium.
- Johan Jordaan, vir die oprig van die heining, opslaan van die tent, die sny van die gras en opvul van die verspringputte.
- Die algemene werkers vir hul harde werk om die terrein skoon en netjies te hou.
- Vir elke beampte wat bereid was om die dag te help.
- Vir elke onderwyser vir jul opoffering, inskrywings, oefeninge, motivering en hulp met die dag se reëlings.
- Vir elke leerder wat deelgeneem het en ook gehelp het.
- Vir Kleinspan vir jul deelname.
- Die personeel vir die voorbereiding van die heerlike ete en bederf deur die dag.
- Die ouers wat gehelp het met die opmaak van die paviljoen en aantrek van die dirigente.
- Aan elke ouer/voog wat die dag bygewoon het en saam met hul kinders die dag kom geniet het.

VYFHOEKBYEENKOMS

Die jaarlikse Vyfhoek atletiekbyeenkoms het vanjaar by Hoërskool Grabouw plaasgevind. Die skole wat ook aan die geleentheid deelgeneem het, is Hoërskool Hexvallei, Hoërskool Tulbagh, Hoërskool Grabouw en Hoërskool Franschhoek. Die geleentheid het baie voorspoedig verloop en ons wil graag 'n ieder en elk wat betrokke was, bedank vir jul bereidwilligheid om te help.

Hoërskool Goudini het 'n totaal van 31 goud, 27 silwer en 27 brons medaljes verower. Andrya Stofberg, is die Victrix, baie geluk! en ons sê ook baie geluk aan haar met die nuwe hoogspringrekord van 1.4m en 200m. Baie geluk aan die volgende atlete met hul rekords in die onderskeie items : Andrya Stofberg – hoogspring 1.4m asook in die 200m;

Tiaan Arendse – 800m; Feryn Cupido – 60m;

KASKAR – PRETDAG

Op 28 Februarie 2019 is dit weer tyd vir ons jaarlikse kaskar-pretdag. Ons wil asseblief vra dat u hierdie fondsinsameling sal ondersteun, om van die dag 'n reuse sukses te maak. Daar is groot pryse op die spel!



Die uwe

A P HANEKOM

Skoolhoof

25 Januarie 2019

MARKDAE

Voorlopige markdagdatums vir die eerste kwartaal, is as volg:

Vrydag, 25 Januarie, 8 Februarie, 22 Februarie